KONSEP

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

TAK MARIENE- EN KUSBESTUUR

BELEID AANGAANDE DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE IN DIE STOKVIS KUSTREILVISSERY : 2005

HIERDIE KONSEPBELEID MOET SAAMGELEES WORD MET DIE KONSEP VAN DIE ALGEMENE BELEID AANGAANDE DIE TOEKENNING EN BESTUUR VAN LANGTERMYN KOMMERSIëLE VISVANGREGTE: 2005 (beskikbaar by www.mcm-deat.gov.za)

INHOUDSOPGAWE

1. Inleiding 3

2. Sektorale profiel 4

3. Medium-termyn regtetoekenning 5

4. Oorkoepelende sektorale doelwitte 6

5. Tydsduur van regte 6

6. Nuwe inkomelinge 7

7. Evaluasiekriteria 7

7.1 Uitsluitingskriteria 8

(a) Vorm van die aansoeker 8
(b) Wetsnakoming 8
(c) Papierkwota's 9
(d) Toegang tot 'n geskikte vaartuig 9

7.2 Vergelykende balanseringskriteria 9

(a) Transformasie 9
(b) Belegging in die visvangvissery 9
(c) Prestasie 10
(d) Waardetoevoeging 10
(e) Werksgeleenthede 10
(f) Byvangste 11
(g) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling 11
(h) Nie-betaling van heffings 11
(i) Wetsnakoming 12

7.3 Kwantumkriteria 12

(a) Transformasiepoel : 12
(b) Prestasie (behalwe transformasie) 12
(c) Klein- en medium- grootte ondernemings 12

8. Geskikte vaartuie 12

9. Multi-sektorale betrokkenheid 13

10. Aansoekgelde en heffings 13

11. Bestuursmaatreëls 13

11.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van visvangbedrywe 14

11.2 Visserybestuursgebiede 14

11.3 Konsolidasie van deelnemers 14

11.4 Vaartuie en visvangpoging 15

11.5 Monopolieë 15

11.6 TTV verhouding – treiler : langlyn 15

12. Meet van prestasie 15

13. Waarnemerprogram 16

14. Permitvoorwaardes 16

1. Inleiding

Hierdie dokument is 'n konsepbeleid vir openbare kommentaar aangaande die toekenning en bestuur van kommersiële visvangregte in die stokvis kustreilvangsvissery en word deur die Departement van Omgewingsake en Toerisme: Tak Mariene en Kusbestuur ("die Departement") uitgereik. Hierdie beleid moet saam met die Konsep van die Algemene Beleid aangaande die Toekenning en Bestuur van Langtermyn Kommersiële Visvangregte: 2005 ("die Algemene Visvangbeleid") gelees word. Belanghebbende en geaffekteerde partye kan skriftelike kommentaar teen 4 April 2005 indien. Kommentaar wat na hierdie datum ontvang word sal nie in aanmerking kom nie. Kommentaar moet as volg ingedien word:

Per Faks: Faks Nommer: (021) 670-1782 Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per Pos:** Aandag: Mr Horst Kleinschmidt Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Posbus 44963 Claremont 7735 Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar	**Per E-pos:** RVU@deloitte.co.za Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Departement van Omgewingsake en Toerisme Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar **Per Hand** Aandag: Die Adjunk Direkteur-Generaal Die Regte Verifieeringseenheid Landsdown Road 11 Claremont Vissery (Spesifiseer asseblief watter vissery) Beleid Kommentaar

Die doel van hierdie beleid is om die oorwegings van toepassing op die toekenning van langtermyn kommersiële visvangregte vir die stokvis kustreilvissery uiteen te sit. Min van hierdie oorwegings is nuut. Die Departement het hulle in die verlede gebruik om regte toe te ken. Hierdie beleid weerspieel sodanige beleid, maar 'n paar veranderings en toevoegings is ingesluit.

Sekere voorgenome bestuursbeleidsrigtings vir die tydperk na toekennings, verskyn ook in hierdie konsepbeleid. 'n Bestuurshandboek oor Kustreilvissery sal met die regtehouers in die loop van 2006 gefinaliseer word. Hierdie handboek sal in fyn besonderhede die bestuursmetodes en –prosedures vir hierdie vissery uiteensit.

Die Minister van Omgewingsake en Toerisme is voornemens om die artikel 18-magte in terme waarvan kommersiële visvangregte van die kustreilvissery toegeken word ingevolge artikel 79 van die Wet op Lewende Mariene Hulpbronne, 18 van 1998 (WLMH) aan 'n senior beampte van die Departement te delegeer.

2. Sektorale profiel

Die kustreilvissery het 'n aansienlik korter kommersiële geskiedenis as sy meeganger, die diepsee treilvissery. Die kustreilvissery het gedurende die 1900s ontstaan. Dit is egter eers teen die 1950's dat die vissery kommersieel geword het toe kleiner treilers die vissery binnegekom het, om stokvis en die meer waardevolle Agulhas tongvis te teiken. Die kustreilvissery teiken steeds hierdie spesies.

Soos in die geval van die diepsee treilvissery, was die kustreilvissery ook grotendeels ongereguleerd tot 1978, toe deelnemers nie tot 'n maksimum vangs beperk is nie. Sedert 1978 is die kustreilvissery volgens 'n totale toelaatbare vangs (TTV) bestuur, wat merkwaardig stabiel gebly op ongeveer 6 persent van die globale stokvis TTV.

Die Departement bestuur die kustreilvissery as deel van 'n "stokvis kollektief". Ingevolge die WLMH stel die Minister van Omgewingsake en Toerisme jaarliks 'n globale TTV vir alle stokvis-soorte vas. Die diepsee treilvissery kry 83 persent van die TTV, die kustreilvissery 6 persent en die res word verdeel tussen die stokvis-handlyn- en –langlynsektore. Tot en met 2004 is 1 000 ton stokvis opsygesit vir buitelandse vissers. Hierdie toekenning sal gestaak word.

Kustreilgebeide is gelë tussen Kaap Agulhas in die weste en die Groot Keirivier in die ooste. Treil vir stokvis fokus op 'n enkele visgrond geleë op dieptes vlakker as 110 meter maar minstens vyf myl van die kus af.

Die kustreilvissery verskaf regstreekse werksgeleenthede vir ongeveer 1 100 persone. Ongeveer 90 persent van hierdie werksgeleenthede word deur swart persone gevul, en 42 persent deur vroue. Werksomstandighede in die kustreilvissery word beskou as beter as dié wat ander visserye geld. Die meeste werknemers is dwarsdeur die jaar voltyds in diens met vasgestelde salarisse en diensvoordele. Die gemiddelde jaarlikse inkomste vir see-bemanning beloop R35 000. Werkers wat op die see uitgaan word geregistreer by die bedingingsraad vir die Suid-Afrikaanse Visvangnywerheid wat uit twee kamers bestaan: een vir die diepsee treilvissery en een vir die kustreilvissery. Die Bedingingsraad stel basiese indiensnemingsvoorwaardes vir hierdie visserye op.

Die kustreilvissery is nie so kapitaal-intensief soos die diepsee treilvissery nie, maar aansienlike beleggings in vaartuie, prosessering- en bemarkingsinfrastruktuur is nietemin deur die bestaande deelnemers gemaak. Die totale waarde van bates in die vissery word op meer as R100 miljoen beraam. Die markwaarde van vangste ontskeep is jaarliks ongeveer R16 miljoen werd.

Stokvisvoorraad word tans ooreenkomstig ‘n konserwatiewe strategie bestuur. Die TTV vir stokvis is jaarliks sedert 2003 verminder en verdere verminderings is moontlik.

3. Medium-termyn regtetoekenning

Soos in die geval van ander kommersiële visserye in Suid-Afrika is die kustreilvissery histories deur ‘n handjievol groot maatskappye in blanke besit oorheers. Die invoering van TTV in 1978 het kleiner maatskappye uit die vissery gedwing. In 1992 het elf groot maatskappye 35 treilers in die vissery vissery. Teen 2004 het 16 maatskappye deelgeneem. Ewe belangrik is die feit dat in 1992 die verhouding tussen die kleinste en die grootste kwota 1:45 was. Tien jaar later is die verhouding tot 1:26 verminder. Die gaping tussen die grootste en die kleinste toekennings krimp dus.

Die “interne” transformasie van die tradisionele maatskappye en die toetrede van maatskappye in swart besit en onder swart bestuur sedert 1992, het die transformasieprofiel van die vissery wesentlik verbeter. Medium-termyn regtetoekenningsrekords wys dat:

- 50 persent van die kustreilvissery tans in swart besit is:

- 69 persent van regtehouers is klein- en medium-grootte ondernemings:
- 37 persent van die stokvis TTV en 46 persent van die tongvis TTV word deur maatskappye in swart besit gehou (in 1992 was dit een persent).

4. Oorkoepelende sektorale doelwitte

Die oorkoepelende doelwitte vir die toekenning van langtermyn visvangregte in hierdie vissery is om:

- die transfomasieprofiel van die kustreilvissery te verbeter;
- 'n beleggings- en werkskeppingsvriendelike omgewing te skep;
- die nadelige uitwerking van treilvisvang soos skade aan seebeddens, en byvangste te verminder; en
- die ekonomiese lewensvatbaarheid en omgewingsvolhoubaarheid van die vissery te ondersteun.

5. Tydsduur van regte

Met inagneming van -

- die transformasieprofiel van die vissery;
- die feit dat die huidige kustreilvloot verouderd is en vervang moet word;
- die aantal voltydse werksgeleenthede van gehalte wat voorsien word;
- die noodsaaklikheid om die huidige ekonomiese stabiliteit in die vissery te handhaaf; en
- die feit dat die kusbronne van stokvis en tongvis goed bestuur word volgens betroubare en huidige data,

is die Departement voornemens om kommersiële visvangregte vir 'n tydperk van 10 jaar toe te ken (1 Januarie 2005 tot en met 31 Desember 2015), onderhewig aan hersiening met gereelde tussenposes teenoor voorafbepaalde prestasiekriteria, soos die bereiking van ooreengekome transformasiedoelwitte (***sien paragraaf 12 hier onder***).

6. Nuwe inkomelinge

Stokvis en tongvis word tans bestuur volgens ‘n herstelplan omdat daar tekens is dat hierdie voorrade besig is om af te neem. Boonop het die inname van nuwe inkomeling-aansoekers tussen 1992 en 2002 tot gevolg gehad, dat stokvistoekenning van gemiddeld 900 ton na 600 ton per regtehouer afgeskaal is. Tongvistoekennings is soortgelyk van ‘n gemiddeld van 80 ton tot 50 ton per regtehouer verminder.

Die Departement is van mening dat die huidige aantal deelnemers en die visvangpoging (16 regtehouers wat 35 vaartuie gebruik) optimaal is. Die transformasieprofiel van hierdie vissery is egter laer as die gemiddeld van die industrie (66 persent). Die Departement sal daarom nuwe aansoekers verkies bo bestaande regtehouers, wat nog nie die transformasiedoelwitte uitgevoer het waartoe hulle hulself verbind het in hulle onderskeie medium-termyn regtetoekenningsaansoeke nie. Nuwe inkomeling kan ook verkies word bo bestaande regtehouers wat nie wesentlik in die vissery belê het oor die medium-termyn regte periode nie.

Nuwe aansoekers sal slegs regte toegeken word indien hulle –

- wesentlik getransformeerd is ten opsigte van besit en bestuur:
- nie as fronte vir ander persone optree nie;
- onmiddellike toegang tot ‘n geskikte vaartuig/vaartuie het asook die nodige kapitaal om ‘n stokvis- en tongvis-kustreilvissery te finansier.

7. Evaluasiekriteria

Aansoeke sal volgens ‘n stel “uitsluitingskriteria” gesif word. Nuwe aansoekers en bestaande regtehouers wat aansoek doen sal daarna apart evalueer word in terme van ‘’n stel gelaaide “vergelykende balanseringskriteria”. ‘n Afsnypunt sal dan bepaal word om die suksesvolle aansoekers te kies. ‘n Deel van die TTV sal dan aan elke suksesvolle aansoeker toegeken word in terme van ‘n stel “kwantumkriteria”.

7.1 Uitsluitingskriteria

Behalwe kriteria beskryf in die algemene beleid oor die onbehoorlik indien van aansoeke en wesentlike tekortkominge sal die Departement aansoekers uitsluit wat versuim om aan die volgende vereistes te voldoen:

(a) **Vorm van aansoeker:** Slegs aansoeke van entiteite geïngekorporeer ingevolge die Wet op Beslote Korporasies, 69 van 1984 en die Maatskappyewet 61 van 1973 sal oorweeg word. Aansoeke van natuurlike persone (d w s individue en alleen-eienaars) en trusts sal nie in aanmerking kom nie.

(b) **Wetsnakoming:** Visvangregte vir die kustreilvissery sal nie toegeken word nie aan regtehouers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers wat skuldig bevind is aan ‘n oortreding ingevolge die WLMH (sonder die opsie om ‘n boete te betaal). Verder sal ‘n visvangreg vir die kustreilvissery ook nie toegeken word nie aan regtehouers, insluitende die direkteure of beherende aandeelhouers wie se visvangregte gekanselleer, opgeskort of ingetrek is ingevolge die WLMH.

Besluite sal voorbehou word oor aansoeke van regtehouers wat vir oortredings van die WLMH ondersoek word. ‘n Besluit sal geneem word nadat sodanige ondersoek afgehandel is.

Die Departement verwag van elke regtehouer om ‘n heffing te betaal op geteikende vis wat geontskeep is. Daar is regtehouers wat òf nog nie heffings betaal het nie, of wat vangste onderrapporteer het om onder andere betaling van heffings vry te spring. Laasgenoemde sal uitgesluit word. Eersgenoemdes (nie-betaling van heffings aan die Departement verskuldig) sal in die vergelykende balanseringskriteria soos hier onder uiteengesit, gepenaliseer word. Indien sodanige aansoeker egter nogtans kwalifiseer vir ‘n reg sal ‘n visvangpermit nie uitgereik word voordat die volle bedrag (plus rente) betaal is nie.

(c) **Papierkwota's***:* Papierkwota's soos uiteengesit in die Algemene Beleid sal uitgesluit word.

(d) **Toegang tot 'n geskikte vaartuig***:* Aansoekers sal 'n reg van toegang tot 'n geskikte vaartuig moet bewys (***sien paragraaf 8 hier onder***).

7.2 Vergelykende balanseringskriteria

Regtehouer-aansoekers en potensiële nuwe aansoekers sal evalueer word in terme van die volgende balanseringskriteria, wat gelaai sal word om die sterkte van elke aansoek te bepaal.

(a) Transformasie

Die Departement se doel met die toekenning van langtermyn visvangregte in hierdie vissery is om die huidige transformasievlakke te verbeter. Soos in die Algemene Visvangbeleid bepaal word aansoekers evalueer volgens -

- die persentasie swart persone en vroue wat op besit- en uitvoerende bestuursvlak verteenwoordiging het;
- of werknemers aandeelhouers is en wat hulle daaruit kry;
- regstellende aankope;
- verteenwoordiging van swart persone en vrou op verskillende diensvlakke benede uitvoerende bestuur;
- Nakoming van die Wet op Diensbillikheid, 55 van 1998; en
- Korporatiewe maatskaplike belegging.

(b) Belegging in die vissery

Betreffende aansoekers wat regte hou sal die Departement spesifiek aandag gee aan:

- Beleggings in geskikte vaartuie. Belegging in die vorm van aandeelhouding sal oorweeg word. Regtehouers wat aansoek doen sal nie beloon word vir huur- of koopkontrakte of vangsooreenkomste nie;

- Beleggings in prosesserings- en bemarkingsinfrastruktuur. Die Departement sal aansoekers beloon wat in stokvis- en tongvis-prosesseringsfabrieke en bemarkingsinisiatiewe belê het.

Betreffende nuwe aansoekers sal die Departement oorweging gee aan watter belegging in die vorm van vaartuie, prosessering- en bemarkingsinfrastruktuur gemaak is. Verder sal nuwe aansoekers moet bewys of hulle die kennis, vaardigheid en vermoë het om te treil vir stokvis en tongvis.

(c) Prestasie

Regtehouer-aansoekers wat aansienlik meer of minder as hulle reg (meer as 10 persent) gevang het sal gepenaliseer word. Finansiële prestasie sal gemeet word soos in die Algemene Beleid aangedui.

(d) Waardetoevoeging

Die Departement sal die vermoë van regtehouers om waarde by die stokvis en tongvis toe te voeg deur die prosessering van produkte vir die plaaslike en internasionale mark, in aanmerking neem.

(e) Werksgeleenthede

Die stokvis kustreilvissery voorsien ongeveer 1 100 betreklik hoë kwaliteit werksgeleenthede. Salarisse vir seevarend werknemers beloop jaariks gemiddeld R35 000. Die meeste werknemers word voltyds in diens geneem met voordele soos mediese fonds en pensioen. Billike arbeidspraktyke kom oor die algemeen voor.

Aansoekers wat hulle werknemers voorsien van of voornemens is om hulle te voorsien van:

- Voltydse werk;
- Mediese bystand en pensioen;
- enige ander diensvoordele; en

- Veilige werksomstandighede,

sal positiewe punte kry. In die geval van bestaande regtehouers sal werksgeleenthede geskep per ton vis toegeken gedurende die medium-termyn regtetoekenningsproses evalueer word en in aanmerking kom. Die Departement sal ook kyk na die loonverskille tussen die hoogste en laagste besoldigde werknemers.

(f) Byvangs

Die hoeveelheid byvangste in die kustreilvissery bly 'n bron van kommer vir die Departement. Veral die teikening van byvangspesies met hoë waarde soos koningklip (*Genypterus capensis*) en monnikevis (*'Monk Fish"*) (*Lophius vomerinus*) is besonder kommerwekkend. Huidige vangskoerse dui daarop dat vangste van albei spesies bo volhoubare vlakke is. Koningklip-talrykheid aan die suidkus is veral laag.

Die Departement het die maksimum byvangsperk vir koningklip op 3000 ton per jaar bepaal en dié van monnikevis op 7000 ton. Hierdie byvangstoegewings is op die hele stokvisvissery van toepassing. Voornemende aansoekers sal moet bewys watter byvangstempering en verminderingsmaatreëls hulle in werking gestel het of in die geval van nuwe aansoekers, in werking gaan stel om te verseker dat aan bogenoemde byvangsbeperkings voldoen word.

(g) Plaaslike ekonomiese ontwikkeling

Die Departement sal positiewe punte toeken aan aansoeke van veral kleiner regtehouers en nuwe aansoekers wat verkies om hulle vangste te ontskeep en te laat prosesseer in sentrums buite die groot metropolitaanse gebiede soos Port Elizabethe en Kaapstad . Dit sal egter nie penalisering van die groter stokvis-kustreilregtehouers wat wesentlik in prosessering- en bemarkingsfasiliteite in Kaapstad en Port Elizabeth belê het, tot gevolg hê nie.

(h) Nie-betaling van heffings

Regtehouers sal gepenaliseer word indien hulle heffings vir langer as 60 dae voor die aansoekdatum uitstaande is.

(i) Wetsnakoming

Aansoekers wat versuim het om aan hulle verpligtings te voldoen ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling 97 van 1998, en die Wet op die Heffings van Vaardigheidsontwikkeling 9 van 1999 en diegene wat geringe oortredings van die WLMH begaan het (d w s oortredings wat nie hulle uitsluiting regverdig nie) sal gepenaliseer word.

7.3 Kwantumkriteria

Die Departement sal in die geval van bestaande regtehouers, die kwantum toegeken gedurende die 2005-seisoen as basis gebruik, die TTV van bestaande regtehouers wat nie aansoek gedoen het nie of onsuksesvol was proporsioneel byvoeg en dan volgens die volgende meganismes verdeel:

(a) Transformasiepoel: 30 persent van die stokvis- en tongvis-kustreil TTV sal herversprei word volgens die transformasiepunte;

(b) Prestasie (behalwe transformasie): 20 persent van die stokvis- en tongvis-kustreil TTV sal herversprei word volgens die algehele vergelykende balanseringspunte wat deur elkeen van die suksesvolle aansoekers behaal is (behalwe transformasie);

(c) Klein- en medium-grootte ondernemings: 10 persent van die stokvis- en tongvis-kustreil TTV word opsygesit om klein- en medium-grootte ondernemings te ondersteun. Klein- en medium-grootte entiteitaansoekers is onder andere entiteite met ‘n jaarlikse omset van nie meer R5 miljoen vir medium en R3 miljoen vir die klein ondernemings.

Enige nuwe inkomeling sal ‘n hoeveelheid kry wat gelyk staan aan die kleinste hoeveelheid wat aan ‘n suksesvolle bestaande regtehouer toegeken word.

8. Geskikte vaartuie

‘n Geskikte vaartuig in die kustreilvissery is ‘n vaartuig wat:

- ‘n SAMVV-geregistreerde lengte van nie meer as 30 meter het;
- Toegerus is met ‘n werkende vaartuigmoniteringstelsel.
- ‘n maksimum perdekrag van 750 het; en
- toegerus is om tongvis en stokvis op ‘n diepte van nie meer as 110m te vang.

9. Multi-sektorale betrokkenheid

Regtehouers in die kustreilvissery word nie verhinder om regte in enige ander vissery in Groepe A en B te hou nie. Regtehouers in die kustreilvissery (insluitende hulle beherende aandeelhouers en lede van hulle uitvoerende bestuurspan) sal nie toegelaat word om kommersiële regte in Groepe C en D te hou nie.

10. Aansoekgelde en heffings

Die aansoekgeld vir die kustreilvissery word bepaal met die volgende oorwegings:

- die koste van die hele regtetoekenningsproses, insluitende konsultasie, ontvangs, evaluering van aansoeke, verifikasie, appèlle en hersienings. In hierdie verband sal die koste aangegaan met die medium-termyn proses as riglyn gebruik word; en
- die waarde van die vis toegeken oor die tydsduur van die reg.

Die jaarlikse heffings wat op 1 Januarie 2006 betaalbaar is, sal na oorleg met geaffekteerde en belanghebbende partye hersien word.

11. Bestuursmaatreëls

Die bestuursmaatreëls wat hier onder bespreek word, dui op ‘n paar van die Departement se hoofvoornemens vir bestuur van die vissery na regtetoekenning.

11.1 Ekosisteembenadering tot bestuur van visvangvissery

Hierdie vissery sal bestuur word ooreenkomstig die ekosisteembenadering tot visserye (EBV). ‘n Ekosisteembenadering tot bestuur van die visvangvissery is ‘n holistiese en geïntegreerde beleid wat erken dat visvang- en verwante land-gebaseerde bedrywighede die breë mariene omgewing kan beïnvloed. Hierdie deel van die beleid aangaande kustreilvisvang probeer nie ‘n beleidsverklaring oor EBV uitreik nie. Die EBV in die kustreilvissery word in die Bestuurshandboek vir die kustreilvangsvissery uiteengesit. Suid-Afrka bly verbind tot ‘n teikendatum van 2010 vir die inwerkingstelling van ‘n EBV in die kommersiële visvangvissery .

11.2 Visserybestuursgebiede

Die stokvis kustreilvissery teiken twee stokvis-spesies en Agulhas tongvis binne ‘n betreklik klein mariene gebied. Die Departement is bekommerd dat die intensiewe teikening van stokvis in hierdie gebied nie-volhoubare druk op lynvissoorte soos kabeljou en koningklip plaas. Die Departement is ook voornemens die deling van visgronde tussen treilers en langlynvissers te verminder.

Artikel 15 van die Wet op Mariene Lewende Hulpbronne maak voorsiening vir die verklaring van visserybestuursgebiede. Die Departement oorweeg om sodanige bestuursgebiede te verklaar om die byvangste van veral kabeljou en koningklip te probeer verminder en om die potensiële gebruikerskonflik tussen langlynvissers en treilers aan te spreek.

11.3 Konsolidasie van deelnemers

Na afloop van die toekenning van 10-jaar kommersiële regte in hierdie vissery sal die Departement konsolidasie van die aantal aktiewe regtehouers fasiliteer veral :

- Waar regtehouers dieselfde aandeelhouers, kantore of bestuurspan het; of
- Waar kleiner regtehouers verkies om hulle sakebedrywighede te konsolideer.

Konsolidasie van regtehouers is egter onderhewig aan die Departement se benadering tot monopolieë (***sien paragraaf 11.5 hier onder***).

11.4 Vaartuie en vangspoging

Daar is tans 35 kustreilervaartuie wat in Suid-Afrikaanse waters vang. Die meeste hiervan is verouderde vaartuie en moet vervang word. Opgradering van die vloot mag groter doeltreffenheid te weeg bring. Die Departement sal dus die stapeleffek van meer en nuwe vaartuie in die vloot versigtig evalueer. Regtehouers sal nie toegelaat word om vaartuie in te bring wat vangspoging ver bo hulle toekenning kan verrig nie. Verder sal die Departement die Visvangvissery se Nywerheidsliggaam raadpleeg oor alle aansoeke om meer en nuwe vaartuie in die vissery in te bring.

.

11.5 Monopolieë

Hoewel die Departement konsolidasie van regtehouers in hierdie vissery sal voorstaan, is die Departement gekant teen monopolieë, wat tot nadeel van die kleiner regtehouers kan strek.

Op hierdie stadium sal die Departement nie ‘n maksimum drempel van die TTV wat enige regtehouer mag hou of beheer, bepaal nie maar sal moniteer of groter regtehouers optree op ‘n manier wat in stryd is met billike wedyweringspraktyke.

11.6 TTV-verhoudings - Treiler : Langlyn

Die huidige TTV verhouding van treilvangs : langlynvangs sal oor die algemeen gehandhaaf word. Die verhouding sal egter hersien word sodra verdere data oor die relatiewe impak van treilvangs en langlynvangs beskikbaar word.

12. Prestasiemeting

Die Departement sal ‘n aantal formele ondersoeke instel om prestasie van regtehouers te meet. Daar word beoog om die prestasiebepalings na twee jaar uit te voer en dan elke drie jaar daarna.

Hoewel die Departement die presiese kriteria waarteen regtehouers gemeet sal word na toekenning van die kommersiële visvangregte en na oorleg met regtehouers sal finaliseer, kan die volgende prestasie-verwante kriteria gebruik word:

- transformasie;
- belegging in vaartuie, fabrieke en toerusting;
- volhoubare gebruik en veral vermindering van byvangste en die ekologiese invloed van treilvisvang;
- nakoming van toepaslike wette en regulasies.

13. Waarnemerprogram

Die Departement se huidige waarnemerprogram sal uitgebrei, ten einde wetsnakoming in te sluit. Verder sal die Departement die waarneming van hierdie vissery stelselmatig uitbrei. Van regtehouers word verwag om die koste van die waarnemerprogram te dra

14. Permitvoorwaardes

Permitvoorwaardes vir hierdie vissery word jaarliks uitgereik. Die permitvoorwaardes van toepassing op hierdie vissery vir die 2005-seisoen word as **Bylae A** aangeheg. Belanghebbende en geaffekteerde partye word uitgenooi om oor hierdie permitvoorwaardes kommentaar te lewer. .

.